KAAPSE BOERPERDTELERS EN SABAU NUUS

Volume 1 UItgawe 11
Junie 2007

Posbus 55
Cookhouse
5820
ezelle@capeboerperd.co.za

SA Kampioenskappe 2007

We had the horse sickness scares! Ons moes besluite neem op die laaste oomblik – maar whao wat 'n skou. Die kinder klasse was baie kleiner as gewoonlik maar op die einde was die ope klasse en kampioenskappe asemrowend met 18 perde in die 5 gang kampioenskap. The tree judges had their work cut out!

AGM: Daar is 'n nuwe bestuur gekies. We also decided to send a survey to all our members to find out where they want to have the SA Championships in future. Ons sluit ook 'n vorm hierby in wat u asb moet beantwoord en terugstuur. Goedkeuring vir die verkiesing van die eerste "Performance" 3 gang en 5 gang span is gegee en hierdie spanne is toe ook tydens die kampioenskappe gekies. Reels vir die Western Pleasure klasse is ook goedgekeur en kan by die kantoor gekry word indien benodig. Daar is besluit om nie nou hierdie klasse by die Nasionale program in te sluit nie maar eers te sien of daar genoeg belangstelling is. Ons wil nie leë klasse skep nie.

Nuwe Voorsitters:
Ja die tyd vir verandering het ook gekom.
Ezelle Marais volg Tokkie de Klerk op as President van die Kaapse Boerperdtelersgenootskap.
Dennis Schley volg Ezelle op as Voorsitter van SABAU.

Visie van die nuwe Bestuur.
Wat sien Ezelle vir die toekoms van die Kaapse Boerperd?
Ek wil ons ras bemark en bekendstel aan alle perdeliefhebbers in ons land en die werêld. Ek wil nouer bande met ander genootskappe smee en goeie samewerking met ander perdegenootskappe bewerkstellig. Ek wil ons lede nader aan mekaar bring en meer lede kry om aktief te teel. Erkenning vir ons "performance" ruiters en veral vir ons perde op alle perdesport terreine. Ons moet ons perde beter bemark buite die tradisionele skou terrein.
Wat sien Dennis vir die toekoms van SABAU
Baie kompetisies en veral 'n buitelandse toer vir die SABAU span. Nuwe lede en meelewing onder lede asook baie meer ruiters wat aan die SABAU en OPE toetse deelneem. Ons moet ook dringend meer en nuwe toets perde kry en ons perd afrig.

Stories - rumours
Daar was verskeie aantygings tydens die jaarvergadering en skou gemaak oor telers, perde en inspekteurs. Die aantygings was oor die perd "Indiana Madiba" se herkoms ens asook oor die perd "Indiana Pampoen", Rakker en Oortjies, Royal, Spoednik ens. Al die bewerings rondom Madiba is verkeerd bewys met DNA toetse, Madiba is die perd wat geteel is uit Indiana Love Call en The Red Baron en so as vul reeds geregistreer en geskou is. Mnr. Johan Marais is 'n boete van R500 opgelê omdat hy vir Oortjies in 'n OPE klas met 'n vals stert vertoon het en dus die perd se identiteit verbloem het. Mnr Deon Zuurmond se perde was geregtig op keuring. Toe die perd Rakker afgekeur is as hings was daar aansoek gedoen om vullens van die perd Rakker in die vulboek op te neem aangesien hy toe reeds by 4 merries was. Mnr, Job Steenkamp en Wynand Geldenhuys het hul perd "Royal" gekoop onder die voorwendsel dat die perd in die vulboek is. Hierdie vulboek inskrywing word tans deur die genootskap ondersoek. "Spoednik" is dmv DNA bewys dat dit die vul is van Waterkrans Top Gun en Waterkrans Hoelala op 16-12-1998.
Die bestuur van die Kaapse Boerperdtelers genootskap doen hiermee 'n beroep op lede om nie stories te versprei en aantygings in die openbaar en teenoor ander mense te maak indien hulle nie die feite kan staaf nie. Hierdie praktyke veroorsaak net onnodige onaangenaamheid.

Inspeksietoer OP, Natal, Mpumalanga.
We have decided during this tour that May is a good time for inspections and that we would like to keep this date for inspections in future as well. Ons het 'n baie suksesvolle toer gehad en baie mooi en goeie perde gesien asook die minder mooies. Daar is ongeveer 58 perde goed gekeur en +/- 14 afgekeur. Daar is ook verlof gegee aan 'n paar om oor te staan vir 'n jaar om eers ouer te raak en beter te ontwikkel. Ons het 8 nuwe telerslede ook bygekry. We still have to do inspections in Graaff Reinet, Cradock, Hofmeyer, Tarkastad, Murraysburg area. Die WP sal ook later aan die beurt kom. Baie welkom aan al ons nuwe lede in Natal en "ou" Transvaal.. Ons het 'n baie goeie hings gesien by Johan van Heerden van Vryheid. Die perd se naam is "Buddy" en hy is op Onderstepoort geteel. Gert Kruger se jong merrie was beslis die perd van die toer. "Oudemeester" ontwikkel ook goed en lyk baie belowend. Janet het ook 'n

klomp lekker jong perde met 'n besonderse merrie. Kobus Kemp het ook 'n mooi hings voorgelê vir keuring. Ons moet nog by oom Okkie Fourie uitkom en by Onderstepoort. Hierdie deel van die land asook Bothaville sal in September gedoen word. Ons wil asseblief 'n beroep op telers doen. Teel Kaapse Boerperde - nie JOU tipe nie maar die RAS egte tipe. Don't breed a tipe of Cape Boerperd - breed a CAPE BOERPERD.
Dankie aan Janet Sharpe vir die heerlike slaapplek en die Dafel gesin vir al die reëlings tov die inspeksies.
Baie belangrik. Hierdie was die laaste toer waar perde op plase geinspekteur is. We travel for thousands of km to get to every breeder. In future horses will be inspected in a town at a certain time on a certain date. Dit is om te verseker dat ons alle perde en tellers te sien kry en die toere so vinnig mootlik en goedkoop moontlik afhandel. Daar is oor die 3900km gery in 4 dae op die afgelope toer. Ons probeer die kostes beperk en met die nuwe brandstof pryse sal ons nie anders kan as om die inspeksie reëlings te verander nie.

Kompetisies:
We selected the first ever "Performance" teams at George. The team members are:
3 gang: Handre Bosman, JJ Marais, Francois Marais, Nicole Kitching, Rozanne Jansen.
5 gang: JJ Marais, Francois Marais, Jeandre Meyer, Rina van Heerden, Handre Bosman.
Hierdie ruiters gaan in Oktober te Luckhoff aan 'n kompetisie teen 'n Vrystaat Saalperd Plesierperd Uitnodiging-span deelneem. Ons wens hulle sterkte toe.
Ons 2006 SABAU ruiterkuns span het nog nie 'n kompetisie gehad nie en daar is toe besluit om die span net groter te maak met 1 ruiter. **Die SABAU 2006/7 span is:** Vilene van Rooyen, Rossouw Willemse, Louise Blom, Rozanne Jansen, Sadie Hansen,
Daar word tans 'n kompetisie vir hierdie ruiters beplan teen Namibie op Cradock in Oktober. Daar is ook tans onderhandelings aan die gang vir 'n kompetisie teen die Morgans.

Perde verkoop en nuwe lede:
Verskeie perde het van eienaar verwissel en ons wens die nuwe eienaars voorspoed toe met hulle aankope. Daar is tans baie aanvraag vir Kaapse Boerperde uit alle dele van ons land. Laat weet asb die kantoor indien u perde te koop het.

Johan Bester van Newcastle het vir Madame Butterfly van die Van Straatens van Bloem gekoop. Hy het ook 'n jong merrie en jong hings by Johan Marais en Colette Botha gekoop.
Welkom aan die volgende nuwe lede: Johan van Heerden – Vryheid, Kobus Kemp, Rudie Swart – Amersfoort, Johan Rademeyer – PE, Roelf Badenhorst - Morgenson, MJ Kramer - Bloemfontein, D Anderson - Ladysmith, Chris Engelbrecht - Morgenson. Dennis Schley het vir Hoffmann aan Rozanne Jansen geleen.

SA Kampioenskappe - Die toekoms , the future.
Die bestuur het 'n kontrak met George Landbougenootskap wat verstryk in 2008. Die SA Kampioenskappe 2008 moet dus nog op George gehou word. Ons wil nie hê skougenootskappe moet kwaad wees vir die Boerperde omdat ons nie ons verpligtinge nagekom het nie. We do have an ongoing problem with horse sickness and distance around the George show. Other than that the George show have treated us very well. Ons moet egter ook na ons ver lede kyk. Dit help egter nie die skou word geskuif en die lede kom steeds nie skou nie. Dit is om hierdie rede dat ons die navraaglys insluit. Dit is baie belangrik dat AL die lede hierdie vorm invul en terugstuur. As jy dit nie kan terugfaks of e-mail nie bel ons dan asb en gee jou stem. We want to have the SA Championships at a venue where our members will support the show and come and show their horses. We need an answer not later than 1 September 2007.

Our members really hit the press lately.
JJ Marais en Kathrine Ademi was both "Oos Kaap Burger Sport Ster van die week". Baie geluk aan hierdie kinders. Dit is so lekker as ons ruiters erkenning kry vir hul harde werk. Ezelle het 'n artikel in Oos Kaap Agri gehad sowel as in Landbouweekblad. Die fotos van Kaapse Boerperde in Landbouweekblad het veral baie goeie reaksie uitgelok met verskeie navrae oor perde. Janey Krige lyk soos 'n klein prinses op die voorblad van die Angora joernaal.

Kursesse en simposiums.
Daar word tans 'n symposium beplan vir die Natal, Transvaal area. Lede se insette in hierdie verband sal waardeer word. Laat weet asb die kantoor indien u belangstel om so 'n symposium by te woon. Ons wil die Kaapse Boerperd in totaal behandel.

Boek – Kaapse Boerperd
Ons werk nou volstoom aan die boek / joernaal oor die Kaapse Boerperd. Stories, artikels, advertensies en fotos word dringend benodig. Alle bydraes sal waardeer word. 'n Advertensie vorm is ook by hierdie nuusbrief ingesluit. Vul asb in en faks of mail terug om advertensie in die boek te bespreek. Hierdie gaan 'n glansboek (SA Showhorse) gehalte wees en kans om jou perde, produkte ens te bemark en bekend te stel aan alle perde liefhebbers en belangstellendes.

DNA:
Alle hingste se DNA profiele moes reeds by die kantoor gewees het. Indien u nog nie u hings se DNA laat doen het nie sal die hare in die harebank deur die kantoor ingestuur word vir DNA. Die rekening sal aan u gestuur word vir onmiddelike betaling.

Verhoging in fooie:
The management had to raise the fees for the first time in 3 years. Our fees are still very low, please help us to keep it that way by paying your account on time. Ons kan nie 'n diens aan die lede lewer wat nie hul rekeninge betaal nie. 'n Betalings struktuur word ook hierby ingesluit. Indien u agterstallig is sal daar 'n rekening by hierdie nuusbrief ingesluit wees.

Website.
Ons website is "up" en "running". Advertensies op die website kos R50 vir 2 maande. Artikels en fotos is ook welkom. Sulke artikels en "newsclips" word gratis geplaas. Please ad links to our website to your own personal websites or other horse/animal related websites.

SABAU nuus:
Die Vrystaat het hul eie subunie gestig op 24 April 2007. (Vrystaat Kaapse Boerperd Amateurunie). Die bestuur is as volg :
Voorsitter : Maryke Erasmus
Ondervoorsitter : Izolde Prins
Sekretaresse : Anna-Marie Buitendach
Ekstra lede : Herman Barkhuizen, Roelf Meyers en Laura van Straaten
Hulle het tot dusver 18 lede.
Die Vrystaat se boerperd ruiterkunstoetse sal gehou word op : Phillipolis, Petrusburg en Welkom
Die OP se ruiterkunstoetse vind plaas op Somerset-Oos en Uniondale.
Die ander subunies moet nog laat weet waar.
Daar word verneem of daar enige belangstellendes vanuit die WP is wat sal bereid wees om die amateurunie se bedrywighede aldaar te hanteer.

Vrystaat nuus:
Die Vrystaat se boerperd ruiterkunstoetse sal gehou word op : Phillipolis, Petrusburg en Welkom
Ek het net nuus dat ons geseënd is met twee nuwe Professionele afrigters in die Vrystaat wat harte van goud het en ook lief is vir ons ras.

Alfie Cockrell en Lezani Laubscher (hulle is verloof) het besluit om hulle eie stalle in Bloemfontein oop te maak, naamlik te Stormstraat, Bainsvlei. Hulle was vir 3 jaar in Amerika waarna hulle na Suid-Afrika teruggekeer het en onder andere by Rovic en Angelview Stalle gewerk het. Met uitstekende skouresultate. Lezani spesialiseer in die afrigting van ruiters (ruiterkuns) en kinderperde waar Alfie meer na die Performance sy kyk. Hulle ken ons ras baie goed en rig tans Kaapse Boerperde en Saalperde af. U kan hulle gerus kontak indien u sou belangstel in professionele afrigting van u kinders asook u perde. Hulle kontak besonderhede is: Lezani 072-3303-394

NBAU nuus:

Ons bied die 7e Julie 2007 'n basiese afrigting & skouvoorbereidingskursus. Sal graag wil weet of mense belangstel. Enige navrae, kontak: Gisela Dafel 083 7727 591, Gert Kruger 082 496 4736, Werner Kruger 082 553 5596. Julle lees ook elders in die nuusbrief van al ons nuwe lede.

Hiermee die Kaapse Boerperdtelers en SABAU se opregte simpatie met die Muller gesin met die heengaan van Stephan Muller op 8 Junie 2007 in 'n motor ongeluk. Ons sal sy glimlag, kwinkslae en deelname baie mis.

This last week has been a very tragic week in the lives of Boerperd people in the Eastern Cape. Our sincere thoughts and prayers go out to Rodney Deutschman and Michelle with the tragic death of their son Darryn on Thursday 7 June 2007.

OP Nuus:
Die OP se ruiterkunstoetse vind plaas op Somerset-Oos en Uniondale.
Ons dink ook aan Gerhard Kitching wat in 'n motorongeluk beseer is.
Landi Cawood is ook weer op die been en baie hard besig om haar ruiters skougereed te kry. Gertina Strydom het ook 'n hele klomp ruiters op Somerset Oos aan die gang.
Oos London wil weer die Boerperd klasse op hul skou laat herleef. Kom ons ondersteun hierdie mense. Ons skoue word al minder en dit is so lekker om te hoor as daar nuwe plekke is waar ons ons perde kan gaan vertoon.

SANEF news:
Ons sal ook in die toekoms 'n gereelde SANEF insetsel in ons nuusbrief he asook vir ander perde sportsoorte waarin ons perde uitblink. Stuur asb vir ons die nuus.

These pictures were taken at my first show on Mikado, whom I puchased in January 2007. We came home with a 1st and 3rd place in the preliminary classes.
My handsome boy was sired by Kwanto Quantos out a Wunderbar Mare called My Little Mayfairs Love Me Now. Prior to me owning him his debut was in the showjumping arena, But he has shown that his talent also lies in the dressage arena. He is a proud example of his breed, with a kind and gentle nature, he has grown to a substantial 16.1hh and still on the rise at only 5yo. Kind Regards Jann Ritchie

Holly and I have ridden 4 Prelim dressage tests since Feb 2007. She has scored over 60% in all, the highest being 66.92% for Prelim 2 last month.

- 25/02/07 Prelim 1 (63.4%)
- 25/02/07 Prelim 3 (61.2%)
- 05/05/07 Prelim 1 (60%)
- 05/05/07 Prelim 2 (66.92%)

I am hoping to ride novice in the next few months, but I need to establish the canter a little more. She gets very exuberant when we canter, which has earned her the nickname of Holly Hot-brooks! Holly is the most wonderful mare I have ever had the privilege to ride. She is super-intelligent and learns very quickly. She is high spirited, but safe, I would ride her anywhere and I trust her with my life. I think she is the epitome of the Cape Boerberd breed.
I have had many compliments on her movement and beauty - I am so proud of her! We will go far together and she will be a force to reckon with in the dressage arena! Jacqui Jordaan

Jhordan Hijack. He is a registered gelding, competing in the children's competitions. He has been chosen along with his rider Lauren Ferry for the Eastern Province Showing Team and the E.P. Equitation Team who are due to compete at the Inter Provincials in Gauteng at the end of the month. Jack is currently jumping CC and has enough points to go CB He is riding elementary dressage with points On the Showing side at the Summer Show he was Reserve Champion Working Pony. Bathurst he was Champion Working Pony and last weekend in Grahamstown he was Reserve Champion Show Pony.

Please send in some news about your horses or horses that you bred of know of doing well in all the disciplines. Ons wil altyd hoor oor ons perde veral in die nie-skou afdelings van perdesport.

Perde beskikbaar te koop en te huur en te gebruik:

1. Bar None is beskikbaar vir iemand om te dryf en Samusan om in 'n 5-gang klas te ry. Dennis kan gekontak word indien iemand sou belangstel. 082 8813306
2. For Sale: "Truly Bold," 20 month old dark bay colt.
   Beautiful head, stallion quality
3. For Sale: "Chocolate", very pretty liver chestnut mare, 3 years old, broken in.
   Contact Clyde Pringle, 046 6453511ah 083 2806152 bh
4. Indiana Stoet het 2 jaar oue merries te koop. Namaqua, Cape Smoke en Samorai vullens. Skakel Ezelle 042 2472296
5. Die beste ding sedert gesnyde brood, Hierdie verbande werk wonderlik want hulle val nie af nie

"Equiwrap" cohesive bandages.

50mm	R 10-00
75mm	R 12-00
100mm	R 15-00

All prices quoted are inclusive of VAT.
Contact MelanieTaylor on 082 603 6615 or e-mailmelanie@melgramedicare.co.za

Voorspoed aan al ons jong lede met die eksamens. Stuur asb die nuus. Ingesluit is ook die nuwe prentjie vir die inkleur kompetisie. Ons wag ook vir jul fotos van Kaapse Boerperde vir die foto kompetisie asook julle tekeninge. Onthou daar word weer Oktober pryse uitgedeel! Your pictures will also be placed on the website. Write to us about your horse. We like letters from your young members. (and the not so young ones)
Al ons data is nou opgegradeer by SA Stamboek en die sertifikate van perde sal nou meer volledige stambome vertoon. Maak asb seker dat ons jou e-pos adres het. Dit is goedkoper as pos. We do need your e-mail addres - please send us a mail just to give in your particulars.
Tot volgende keer, voorspoed met die oefen deur die winter en lekker skou in Augustus/September.